Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
APRIL 2023

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand #C4ourself

ROLVULLISDROMME ONTPLOOI TER WILLE VAN 'N SKONER, GESONDER OMGEWING

Uitvoerende Burgemeester Annelie Rabie, rdl. Ronald Nutt, rdh. Elnora Gillion, rdl. Arnie Africa en rdl. Clinton Lerm saam met die vasteafvalspan wat die ontplooiing van rolvullisdromme in Hawston Heights koördineer

In 'n poging om die kwessie van onwettige storting te bekamp, gaan huishoudings in die nuwe geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprojek gratis van 240 ℓ-rolvullisdromme voorsien word.

Ten tyde van die oorhandiging van die eerste dromme aan inwoners van Hawston Heights, het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, laat blyk dat "alhoewel hierdie dromme glad nie goedkoop is nie, kos dit heelwat meer om rommel wat onwettig gestort is, op te ruim as om rolvullisdromme leeg te maak".

"Alhoewel Munisipaliteit Overstrand sy bes doen om 'n skoon en gesonde omgewing te skep, doen ons 'n dringende beroep op almal wat só 'n drom kry om hulle net te gebruik vir die doel waarvoor hulle bestem is: Hulle is ***slegs*** bedoel vir ***huishoudelike afval*** en moet nie gebruik word om hout of ander items van een plek na die ander te karwei nie," het sy gewaarsku.

Dromme sal slegs oorhandig word aan geregistreerde huiseienaars wat bewys van identiteit kan lewer en, om 'n gestelery te verhoed, word elke drom gemerk met 'n unieke reeksnommer wat aan 'n spesifieke huiseienaar toegeken is. Desondanks word inwoners aangeraai om hulle adresse duidelik op die dromme aan te bring aangesien dit sal help om die dromme terug te kry indien hulle gesteel sou word.

Rolvullisdromme sal op 'n weeklikse basis, soos per die gewone afvalverwyderingskedule, leeg gemaak word en moet slegs op die oggend van die geskeduleerde verwyderingsdag uitgeplaas word.

GESKILLE OOR 2023/24-WAARDASIELYS

Sedert die publikasie van Munisipaliteit Overstrand se jongste waardasielys doen verskeie individue hul bes om ongegronde gerugte te versprei dat die mees onlangse algemene eiendomswaardasies buitensporige stygings in eiendomsbelasting en diensgelde tot gevolg gaan hê.

Dit is glad nie waar nie aangesien die Raad nog as deel van die 2023/24-begrotingsproses uitsluitsel moet verkry oor die werklike eiendomsbelasting wat teen nuwe waardasies gehef gaan word. Kortom kom enige voortydige spekulasies of aannames neer op wanvoorstellings met die voorneme om te mislei.

Ingevolge die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting is waardasielyste geldig vir vier jaar met die opsie om vir een jaar te verleng.

Weens Covid-19, is Munisipaliteit Overstrand geen ander keuse gelaat as om die verlengingsopsie toe te pas nie.

Hou in hierdie verband ook in gedagte dat waardasies markgedrewe is. Te oordeel aan verkope en die pryse waarteen eiendomme van die hand gesit word, het die waarde van eiendomme ongetwyfeld aansienlik gestyg seder die laaste algemene waardasie wat in 2015 onderneem is.

'n Beroep word op eiendomsbelastingbetalers gedoen om hul waardasies so gou doenlik na te gaan en, indien nodig, appèl teen sodanige waardasie aan te teken indien hulle van mening is dat dit buitensporig is.

Appèlle moet teen nie later nie as **3 April 2023** gerig word aan die munisipale bestuurder. 'n Onafhanklike waardasie-appèlraad, aangestel deur die provinsiale LUR vir plaaslike regering, mnr. Anton Bredell, sal oor appèlle beslis.

Die waardasielys is beskikbaar op die munisipale webwerf www.overstrand.gov.za (klik op *documents, strategic documents, property-valuation*). Dié lys lê ook ter insae by alle munisipale kantore en biblioteke in die Overstrand.

OVERBERG SE BURGEMEESTERS EN MUNISIPALE BESTUURDERS STAAN SAAM OM KRAGKRISIS DIE HOOF TE BIED

By 'n spesiale gekombineerde vergadering van die Overbergdistrik se Koördinerende en Tegniese Forum wat in Hermanus gehou is, is daar besluit dat die pogings van alle munisipaliteite in die distrik (d.w.s. Kaap Agulhas, Overstrand, Swellendam, Theewaterskloof en die Overbergdistriksmunisipaliteit) om die huidige kragkrisis die hoof te bied, gekoördineer sal word deur die Overbergdistrik se Koördinerende Forum.

Dit sal skaalbesparings moontlik maak en die risiko-aptyt verlaag aangesien munisipaliteite tans oorval word deur diensverskaffers wat kragdienste wil verskaf.

Elke munisipaliteit sal 'n energieraad onder voorsitterskap van die burgemeester daarstel wie deur die onderskeie munisipale bestuurders en tegniese direkteurs ondersteun sal word, aangesien laasgenoemde op die lange duur verantwoordelik gaan wees vir die implementering van voorgestelde projekte.

Mnr. Graham Paulse, hoof van die departement: plaaslike regering, het ook die vergadering bygewoon en aangetoon dat die Wes-Kaapse regering oor die volgende drie jaar R1 miljard tot munisipaliteite se beskikking gaan stel om werk te maak van die kragkrisis. Munisipaliteite moet egter seker maak dat hul planne in plek is as hulle vir befondsing wil kwalifiseer, het hy gemaan.

Ten tyde van die vergadering het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê dat 'n advertensie binnekort geplaas sal word om openbare vrywilligers met toepaslike vaardighede te nooi om op Overstrand se energieraad te dien.

Sy het ook van dié geleentheid gebruikgemaak om haar kommer uit te spreek oor Eskom se onvermoë om werk te maak van die knaende kragonderbrekings in die Overstrandgebied: "Daar is geen plaaslike instandhoudingspanne nie en, selfs al sou daar wees, moet masjinerie en toerusting van elders aangery word om instandhoudingswerk te doen. Voorts is daar ook geen plek waarheen gegaan kan word om klagtes op te los nie. Hierdie kwessies moet nou, nie later nie, aandag geniet as ons 'n krisis wil vermy," het sy gemaan.

Die spesiale gekombineerde vergadering van die Overbergdistrik se Koördinerende en Tegniese Forum is bygewoon deur Graham Paulse, departementshoof: plaaslike regering; Swellendam se burgemeester, Francois du Randt; Theewaterskloof se burgemeester, Kallie Papier; Overstrand se burgemeester, dr. Annelie Rabie; Kaap Agulhas se burgemeester, Paul Swart; en Sakkie Franken, burgemeester van die Overbergdistriksmunisipaliteit.

ENTSTOF TEEN MASELS VIR KINDERS JONGER AS 15 VEILIG EN DOELTREFFEND



Masels is oordraagbaar en een van die mees aansteeklike siektes ter wêreld. Hierdie siekte kan voorkom word, maar daarvoor is twee dosisse van die entstof teen masels nodig.

"Weens die COVID-19-pandemie is té veel kinders jonger as 15 jaar weerloos gelaat teen masels en ander siektes wat deur entstowwe voorkom kan word. Gevolglik het die risiko van groot uitbrekings in die land verhoog. Nou meer as ooit van te vore moet ons seker maak dat kinders se roetine-immunisering op datum is sodat ons hulle en andere se risiko om masels op te doen, kan verlaag," het Sonia Botha, die Wes-Kaapse koördineer van die uitgebreide program vir immunisering, gesê.

Die entstof bied lewenslange beskerming teen masels en is gratis beskikbaar by openbare gesondheidsfasiliteite en via die geïntegreerde inentingsprogram by skole. Die measles-mumps-rubella- (MMR-) entstof is ook teen kosprys by klinieke in die private sektor beskikbaar en is net so doeltreffend en veilig.

Wie loop gevaar om masels op te doen?

- Jong kinders wat nie ingeënt is nie
- Swangervroue wat nie ingeënt is nie
- Enigeen met 'n verswakte weerstand wat nie ingeënt is nie of wat ingeënt is maar nie weerstand teen masels ontwikkel het nie

Behandeling

- Geen spesifieke antivirale behandeling teen die maselvirus bestaan nie.
- Erge komplikasies weens masels kan vermy word deur ondersteunende behandeling, soos 'n goeie en gesonde dieet, voldoende vloeistof inname en behandeling teen dehidrasie om die verlies aan vloeistowwe en ander noodsaaklike elemente weens diarree of braking teen te werk.
- Parasetamol en sponsing met warm water word vir behandeling van 'n hoë koors aanbeveel.
- Antibiotika kan voorgeskryf word om oog- en oorontstekings of longontsteking te behandel.

Voorkoming

- Roetine-inentings teen masels is 'n vernaame openbare gesondheidstrategie om sterftes weens masels te verhoed.
- Die maselentstof word reeds vir meer as 50 jaar gebruik. Dit is veilig, doeltreffend en goedkoop.

DIE EERSTE VAN VELE NUWE HUISE IN MASAKHANE OORHANDIG

Nomthunzi Mjodo is reeds sedert 2006 op die behuisingswaglys. Op 10 Maart 2023 is die sleutels vir 'n huis wat sy haar eie kan noem op lange laas aan haar oorhandig – 'n heuglike geleentheid wat sy kon vier saam met Tertuis Simmers (LUR vir infrastruktuur), dr. Annelie Rabie (Overstrand se Uitvoerende Burgemeester), Wyk 2-raadslid (rdh. Theodora Nqinata) en verskeie ander hooggeplaastes waaronder raadslede Steven Fourie, Clinton Lerm, Msa Nomatiti en Andrew Komani sowel as die waarnemende direkteur: gemeenskapsdienste (Jason Solomons), die senior bestuurder: ingenieursdienste (Dennis Hendriks) en Abiail Jacobs (bestuurder: behuisingsbeplanning- en -projekbestuur).

Nadat sy reeds vir 16 jaar op die waglys was, kan Hilda Ngqoshana (63) nou daarna uitsien om haar aftreejare in die gerief van haar eie huis deur te bring – voorwaar 'n geleentheid wat 'n stywe drukkie deur rdl. Msa Nomatiti regverdig.

Vir vyf begunstigdes van die program vir geïntegreerde residensiële ontwikkeling in Masakhane sal Vrydag, 10 Maart 2023 voorwaar aangeteken word as dié dag waarop die sleutels vir 'n huis wat hulle hul eie kan noem op lange laas aan hulle oorhandig is.

In totaal beslaan hierdie residensiële program 296 erwe: Hiervan is 150 ontwikkel as behuisingseenhede onderwyl die restant opsygesit is vir GAP-behuising en/of vir gebruik as gedienste erwe.

Hierdie projek, wat R98 miljoen beloop, is gesamentlik onder toesig van die implementeringsagent Power/Lutcon Construction onderneem.

Tertuis Simmers, LUR vir infrastruktuur in die Wes-Kaap, en dr. Annelie Rabie, Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, het die amptelike oorhandiging behartig.

Theodorah Nqinata, Wyk 2 se raadslid, is in haar noppies met die vordering wat tot op hede gemaak is en stem saam met LUR Simmers dat alle betrokke partye die hoogste lof verdien omdat hulle die dringende behoefte aan behuising verstaan en alles in hulle vermoë gedoen het om 150 behuisingseenhede te oorhandig binne 18 maande nadat die eerste sooi gespit is.

"Hou in gedagte dat die 'papierwerk' ter aanvoering van 'n ontwikkeling van hierdie aard uiters omslagtig is,", het sy gesê.

"Vóór daar beplan kon word, moes 'n aansoek om befondsing eers ingedien word (2012) wat daartoe gelei het dat goedkeuring vir dorpsbeplanning uiteindelik in Maart 2018 verleen is.

"Gevolglik kon die installering van siviele infrastruktuur eers in Februarie 2019 'n aanvang neem, en toe word daar ontdek dat 42 van die persele deur informele plakkers beset word. Op lange laas is hierdie plakkers hervestig en kon die installering van siviele infrastruktuur op hierdie 42 erwe voortgaan.

"In September 2021 is goedkeuring uiteindelik verleen vir die oprigting van bostrukture, en daarom is ons vandag hier om hierdie heuglike gebeurtenis te vier.

"Die afdeling behuisingsbeplanning en projekbestuur, 'n onderafdeling van die direktoraat infrastruktuur en ontwikkeling, verdien ongetwyfeld alle lof omdat hulle, ongeag hierdie opdraande stryd, aangehou het om alles in hulle vermoë te doen om talryke mense se drome te verwesenlik."

Na verwagting sal die oorhandiging van die oorblywende 145 behuisingseenhede in die loop van April 2023 afgehandel word.

DRINK GERUS WATER UIT DIE KRAAN: DIS VEILIG

Gerugte doen die rondte dat kraanwater weens kragonderbrekings, veroorsaak deur beurtkrag, eers gekook moet word om 'n omgekrapte maag te verhoed.

Dis blote onsin.

Munisipaliteit Overstrand kan die versekering aan alle inwoners bied dat die drinkwater wat aan al sy dorpe verskaf word, volkome veilig is.

'n Geakkrediteerde eksterne laboratorium neem op 'n gereelde grondslag monsters by alle behandelingsaanlegte van die water wat via alle verspreidingsnetwerke aan dorpe in die Overstrand gelewer word om te verseker dat drinkwater aan SANS 0241 (die nasionale standaard vir drinkwater) voldoen.

Dit is dus regtig nie nodig om kraanwater te kook nie, tensy jy 'n teetjie of koffietjie wil geniet…